

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



Fietse vol gees, harte vol hoop

Die wiele het gedraai, die kilometers het opgehoop en die bene het al hoe swaarder geword, maar toe die 50 Sonop-studente Maandagmiddag Heilbron binnery, was daar nog genoeg energie oor vir 'n aand van lag, dans en sommer net lekker kuier. Die jong mans het omstreeks 15:00 in Heilbron aangekom as deel van 'n vierdaagse fietsrit waarin hulle altesaam 540 km gaan aflê om geld in te samel vir die kinders van Ringerstraat Jeugsorgsentrum.

Ná die lang pad het hulle eers by Brew Brothers gestop vir iets te ete om 'n bietjie asem te skep, voordat hulle later by Ringerstraat opgedaag het. Daar het die kinders van die Jeugsorgsentrum, saam met die Jeug van die AGS Kerk, vir hulle 'n spesiale dansvertoning aangebied.

Die verwelkoming het vinnig in 'n jolige kuier ontaard. Die Sonop-studente het die kinders met groot geesdrif aangemoedig en behoorlik saam met hulle hande geklap, gedans en die middag geniet. Vir 'n oomblik was daar geen sprake van kilometers, fietse of moeë bene nie – net 'n groep jongmense wat saam met kinders 'n lekker middag beleef het. Agter die pret lê egter 'n ernstige doel. Ongeveer 12 kinders woon tans in die Jeugsorgsentrum en daar is dringend 'n

behoefte aan fondse om die omstandighede waarin hulle woon, te verbeter. Die geld wat met die fietsrit ingesamel word, gaan aangewend word vir planne om sonkrag by Ringerstraat Jeugsorgsentrum te installeer, sowel as daaglikse benodigdhede aan te koop. En die projek het reeds behoorlik momentum gekry. Teen druktyd het die Sonop-studente reeds R57 000 op BackaBuddy ingesamel. Verskeie besighede het ook direk in die Sonop-rekening bygedra, wat beteken dat die totale bedrag nog verder sal groei. Maar vir die 50 fietsryers is Heilbron nog maar net een van die vele kilometers wat voorlê. Hulle gaan die komende dae verder trap totdat hulle uiteindelik Clarens bereik.

Daar wag dan 'n welverdiende koeldrank om die droë kele te beloon – en natuurlik kan 'n groep jongmense nie Clarens besoek sonder om 'n berg uit te klim nie. Eers daarna wag die lang pad huis toe.

Vir hierdie Sonop-studente gaan die rit dus oor veel meer as net 540 km. Elke draai van 'n pedaal is 'n poging om 'n bietjie lig in iemand anders se lewe te bring. En terwyl die fietse die kilometers een vir een verslind, groei die hoop dat die geldinsameling uiteindelik genoeg sal wees om Ringerstraat se sonkragplanne 'n werklikheid te maak.

SHORT TERM TRUST
BROKERS – MAKELAARS

OESVERSEKERING

SEISOEN 2026-2027

Plant jy meer as
300 HEKTAAR?
Kwalifiseer vir ons
OESBONUS
en sit geld terug in jou sak,
AL HET JY 'N EIS!

Riaan Pretorius
066 228 8823

Dewald Buys
082 301 4020

santam

**Agri
Seker**
in Sake van jou veiligheid

GEMOEDSRUS
VERSKANS JOU RISIKO

Authorised Financial Services Provider 43364

BKB

The Trusted Name of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre

Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Stiaan Smit: 067 596 2491



*Waar sake elke keer,
die eerste keer,
reg gedoen word!*

**NOVON
PROTECTA**

Johnny Claassen - 082 779 3417

JCB

Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

**HIGH FERT
Hf
KUNSMIS**

Eben Claassen - 072 581 7627

Vrystaat Landbou-insette dra by tot swaarder veediefstalvonnis

• Vrystaat Landbou

Vrystaat Landbou-insette dra by tot swaarder veediefstalvonnis Die onlangse vonnisoplegging van 15 jaar direkte gevangenisstraf wat aan die 43-jarige Ompie Gert Thaele opgelê is nadat hy skuldig bevind is aan die diefstal van 63 skape in die Soutpan- gebied in April 2024, beklemtoon die belangrike rol wat Vrystaat Landbou speel in die versterking van die strafregtelike hantering van veediefstal.

Dr Jane Buys, Veiligheids Risiko-analis van VL, bevestig dat Thaele die hoofbeskuldigde in die saak was. Vier van die 63 skape is destyds geslag, terwyl die karkasse en die oorblywende 59 skape later herwin is.

Volgens Buys het drie van die vier beskuldigdes staatsgetuies geword nadat hulle skuldig gepleit het. Hulle is ongeveer ’n jaar gelede elk tot 24 maande gevangenisstraf gevonnis, wat vir vyf jaar opgeskort is.

Thaele, wat tydens die verloop van die saak versuim het om hofverrigtinge by te woon, is gevolglik ingevolge ’n lasbrief deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) in hegtenis geneem. Hy het ook vorige veroordelings vir veediefstal.

Buys noem verder dat die

staatsaanklaer strafverswarende getuienis aan die hof voorgelê het wat die omvang en ernstige impak van veediefstal beklemtoon het. Veediefstal word tans deur die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) in die Vrystaat as ’n prioriteitsmisdaad beskou.

VL se betrokkenheid by sterker vervolging van veediefstal.

Vrystaat Landbou speel ’n aktiewe rol in die versterking van die strafregtelike hantering van veediefstal. Sedert 2025 lewer VL, deur sy veediefstalverteenvoerder, me. Isabel Kruger, waardevolle getuienis, dokumentasie en praktiese insette tydens opleidingsessies vir staatsaanklaers en speurders op nasionale en provinsiale vlak.

Die tweede fase van dié opleidingsprogram vind van 14 tot 18 September in Bloemfontein plaas, nadat die eerste fase reeds in Julie aangebied is. Die program word aangebied deur verteenwoordigers en advokate van die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG), senior lede van die Nasionale Veediefstaleenheid, asook Isabel Kruger namens Vrystaat Landbou.

Hierdie insette fokus onder meer op die aard, omvang en impak van veediefstal, asook die toepaslike wetgewing en die belangrikheid daarvan om die volle omvang van die misdryf

tydens vervolging en vonnisoplegging aan die hof voor te hou.

VL se dokumentasie en getuienis word toenemend in hofverrigtinge aangewend om die impak van veediefstal te belig en die hof van relevante inligting te voorsien wat met vonnisoplegging verband hou.

Volgens Isabel Kruger, illustreer hierdie saak juis die belangrikheid daarvan dat veediefstal nie as ’n geïsoleerde of geringe eiendomsmisdaad hanteer word nie. “Die verlies van vee het ’n direkte finansiële impak op produsente en kan ook deel vorm van groter, georganiseerde kriminele aktiwiteite.”

Fokus op georganiseerde veediefstal Vrystaat Landbou doen voorts ’n ernstige beroep op die SAPD en die NVG om die moontlike georganiseerde aard van veediefstal, insluitend die betrokkenheid van sindikate en georganiseerde groeperinge, deeglik te ondersoek.

Die organisasie versoek dat ondersoeke en vervolgings, waar toepaslik, die volle omvang van hierdie netwerke aanspreek en dat die hof, op grond van die beskikbare getuienis en toepaslike wetgewing, van alle strafverswarende omstandighede bewus maak word.

“Vrystaat Landbou sal voortgaan om



saam met die SAPD, NVG en ander rolspelers te werk om die kapasiteit en kennis rondom veediefstal te versterk. Ons doel is om te verseker dat sake behoorlik ondersoek en vervolgd word, en dat die ernstige impak van veediefstal op landbougemeenskappe duidelik in die strafregstelsel weerspieël word.”

Vrystaat Landbou doen ’n beroep op produsente en landelike gemeenskappe om veediefstal en verdagte aktiwiteite aan die SAPD te rapporteer en om met plaaslike veiligheidsstrukture saam te werk.

Woordvoerders:
Dr Jane Buys
Veiligheid risiko-analis, Vrystaat Landbou 082 922 8434
Isabel Kruger
Veediefstal verteenwoordiger, Vrystaat Landbou 082 042 3359



Ek het al gesê dat ons vakansies hulle op kort kennisgewing aanmeld. Ek dink dis omdat ek so gou vergeet. As die vakansie te ver in die toekoms is, sal ek dit verseker misloop, want my kop is effens verstrooid.

My skoonma, in teenstelling, is ’n vakansiebeplanner van formaat. Twee weke voor die beplande vakansie begin sy bak. Blikke vol koekies en beskuit. Ingelegde slaaie (veral drieboontjieslaai, waarmee jy my in ’n wip kan vang), spyskaartbeplanning tot in die fynste besonderhede. Jy mag van niks vooraf geëet of geproe het nie. Sy sit dit ook op haar Whatsapp status sodat almal dit weet.

Gepraat van koekies en beskuit: My goeie man vertel van die oom wat vreeslik kon jaag. Hulle het al die goeters wat nie in die katebak kon pas nie, in die sleepwaentjie gelaai. Die tannie het duidelike instruksies gegee dat die blikke met die koekies en beskuit in die katebak moet wees en beslis nie in die sleepwa nie. Die oom het dit natuurlik in die sleepwa gesit, want daar was plek.

Hy het die lepel diep ingetrap, en vier ure nadat hulle uit Pretoria weg is, kom hulle in Durban aan. Met die uitpak sien hy dat al die koekies en beskuit in krummels verander het, want

die sleepwa het vreeslik geskud.

Nietemin. Party vakansiegangers werk van ’n lysie af. Daar word planne gemaak oor wat elke dag gedoen gaan word. Maandag gaan ons soontoe, Dinsdag gaan ons swem. Woensdag dit en Donderdag gaan ons dat doen.

Dit klink vir my alteveel na werk.

Ons vakansies lyk anders. Ons besluit wanneer verlof aangevra moet word: so twee weke voordat ons vertrek. Dan soek ons ernstig na ’n plek.

Ons moet iemand kry om vir Dory (die Golden Retriever) en Pebbles (die Golden-Rifrugkruising) op te pas. Die hondehotel kan jou maklik R 200 per dag uit die sak jaag. Jy moet jou sak hondepille saam gee en ook sommer by die veearts ’n draai gaan maak om al die honderde insputings te kry. Die arme goed.

Vir twee dae voordat die groot trek begin, word alles rondom die huis skoongemaak en reggepak. Ons maak seker dat die alarm werk en pak alles wat enigsins kan help om in te breek, in die buitekamer of die oorvol garage.

Die take wat al maande lank sloer, word ook sommer in ’n japtrap klaargemaak. Ewe skielik is daar tyd om die drie gekraakte dakteëls te vervang en sommer die geute ook.

(As jy skoolgaande kinders het, moet onder geen omstandighede meld dat julle met vakansie gaan nie. Daar is aardige virusse in die lug wat jou afluister en voor jy jou kom kry, word die kinders siek.)

Grawe in die vrieskas en haal die vleis uit wat doer onder in die hoekie lê. O, ja, hier is ’n skaapboud wat twee jaar gelede gekoop is. Dit word gaargemaak, in dun skywe gesny en gevries.

Sout, peper, koffie, melk, suiker, ’n paar blikkieskos, ’n paar pakkies goed wat gaargemaak word. Iewers moet daar ’n lysie wees van alles wat ons al die jare ingepak het, maar niemand kry dit nie. Daar is blykbaar nou ’n nuwe lysie. Beskuit en koekies, weliswaar van die supermark, word ook ingepak.

Gits, het ons nog braaihout? Waar gaan ons dit inpak? Onthou dat alles duurder is wanneer jy vakansie hou.

Nou kom ons by die klere.

Swemklere. Intussen het die goed gekrimp of gerek en elke stukkie moet aangepas word. Hier peul nog ’n broek uit wat ’n nuwe stukkie rek nodig, daar is iets anders met ’n losgetrekte soom. Noudat ons besig is, kan dit ook sommer gedoen word.

Die kar moet versien word: lisensieskyfie, olie, water, brandstof, banddruk. Moenie van die spaarwiel vergeet nie. En terwyl jy besig is, sit sommer nog geld op die e-Tol kaartjie. Daardie rye is gewoonlik baie korter. Die tolgeld laat my klaar ril: dis goedkoper om hotelverblyf te kry as om tolgeld tot in Margate te kan bekostig.

Dan moet ons seker iewers tydens die seevakansie strand toe gaan. Groot handoeke, die matjies, ’n groot sambreel of vat ons eerder die klein gazebo? Die faktor 50 vir ons gesigte en ’n faktor 30 vir die ander dele wat uitsteek. Die vaalvelletjies moet ook hulle UV bestande klere saamvat.

Goed, alles is nou ingepak. Het ek gedink.

Dalk is daar nie internet nie? Kom

ons vat die *internetroutertjie* ook saam. En ’n lang prop met ’n verskeidenheid sokke: driepunt, tweepunt (smal) en tweepunt (rond).

Dis toe dat my goeie man, ’n Springbok Boy Scout, met die res vorendag kom. ’n Brandblusser. Die goeters om ’n gatjie in die band reg te maak. ’n Noodhulpsak met alles behalwe ’n defibrillator.

Ek moet iets kry om my langs die pad mee besig te hou. Dalk moet ek maar daardie kombers klaar brei. Ek wonder hoeveel wil ek nodig het? Geen probleem, ek weeg dit gou, dit sal my ’n idee gee. My goeie man verstaan nou nog nie waarom ek wol wil weeg nie, maar gelukkig weet ek.

Ons klim uitgeput in die kar. ’n Uur op die pad en ons begin opnoem wat ons vergeet het. Die branderplank. My groot hoed. Die sakkie biltong wat nog op die rak lê. Gelukkig het ons die kaas ingepak. Het ons botter ingepak, wonder ek?

Ek het hierdie week weer geleer dat daar nog nooit ’n vakansie was wat ek (lees “ons”) alles onthou het nie. Die hoofsaak is dat ons dit moet geniet en lekker kan rus.

Soos in die regtige lewe, loop alles nie altyd reg nie. En dis ook reg.



BOERETREAT

— G H O L F D A G —

TEN BATE VAN LIEFDADIGHEID

TEN BATE VAN LIEFDADIGHEID

BAIE DANKIE AAN AL ONS BORGE!

Boeretreat 2026 sou eenvoudig nie moontlik gewees het sonder die ongelooflike ondersteuning van elke borg nie.

Of julle 'n finansiële bydrae gemaak het, pryse geskenk het, of op enige ander manier gehelp het – julle ondersteuning maak 'n reuse verskil en help ons om 'n onvergeetlike ervaring vir almal te skep.

Dankie dat julle in Boeretreat glo en saam met ons hierdie geleentheid moontlik maak!

Ons waardeer elkeen van julle opreg!

BOERETREAT 2026 IS MOONTLIK GEMAAK DEUR ONS BORGE.

Rolbal sorg vir lekker kompetisie in Heilbron

Heilbron se rolbalbane het op 16 September behoorlik gegons toe rolbalspelers bymekaargekom het vir 'n dag van lekker sport en goeie gees. Die geleentheid was hoofsaaklik net vir die pret, met spanne wat die kans gekry het om hul vaardighede te toets en sommer lekker saam te kuier.

Met 14 spanne wat deelgeneem het, was daar heelwat aksie op die bane. Ná twee wedstryde het Springrolls met 4 punte en 'n totale verskil van 68 punte bo-aan die punteleer geëindig. Beauties & The Beasts was tweede, gevolg deur Bal-Jaers in die derde plek.

Weens die goeie gees en belangstelling onder die spelers word daar selfs oorweeg om soortgelyke rolbaldae een keer per maand aan te bied. Dit sal spelers gereeld die geleentheid gee om die sport te geniet, mee te ding en sommer lekker saam met ander rolbal-entoesiaste te kuier.

Die dag het gewys dat rolbal nie net oor die telling gaan nie, maar ook oor vriendskap, pret en 'n goeie sportiewe gees.



Pitstop vir Jesus bring nuwe krag

Die afgelope naweek was daar weer 'n suksesvolle Pitstop vir Jesus-byeenkoms in die Heilbron-Suid Kerkzaal. Die geleentheid bied aan mense die kans om vir 'n oomblik stil te hou op hul geloofspad en weer nuwe krag te kry om hul pad met geloof voort te sit.

Maar wat beteken "Pitstop"? Dit beteken dat 'n mens soms op jou geloofspad moet stop, net soos 'n motor wat langs die pad stilhou om brandstof in te gooi, voordat jy weer verder kan gaan. Die Pitstop vir Jesus-geleenthede is nie aan 'n spesifieke kerk gebonde nie en almal is welkom om dit by te woon.

Pastoor Danie Lodder van die Dei Gratia-gemeente in Pierre van Reyneveld, Pretoria, het die naweek se

geleentheid aangebied. Hy het die tema "Hoe dek jy jou tafel?" gebruik om mense aan te moedig om na hul eie lewe en geloof te kyk.

Met geloof, liefde en deernis, of dalk met haat, vergelding en veroordeling? Dit is die vraag wat elke persoon vir hom- of haarself moet beantwoord. Die manier waarop 'n mens jou "tafel" dek, is uiteindelik 'n persoonlike keuse.

Elke persoon het die geleentheid met 'n boodskap huis toe gegaan wat diep in die siel gesny het. Die volgende byeenkoms vind op 17 Oktober weer in die Heilbron-Suid Kerkzaal plaas. Die spreker gaan dié keer 'n groot getuigenis oor 'n lewensveranderende gebeurtenis in sy lewe deel – 'n getuigenis wat volgens die organiseerders beslis die moeite werd is om te hoor.

Daar word ook reeds hard gewerk aan die reëlins vir die jaarlikse prestatie op 28 November. Die stap sal vanaf die Heilbron-Suid Kerkzaal deur die dorp tot by Huis Bron-van-Heil plaasvind, waar elke inwoner en personeel 'n geskenkpakkie gaan ontvang.

Enige donasie of bydrae om dié projek te ondersteun, is welkom, ongeag die bedrag of manier waarop dit gegee word. Geskenkpakkies kan

ook by Dupno Trading in Presidentstraat afgegee word.

Die gemeenskap word hartlik uitgenooi om aan die dag deel te neem en saam die vreugde te beleef. Die dag sal afgesluit word met 'n optrede deur die sanger Ilán van Staden, wat vir die Heilbron-gemeenskap kom sing.

Alles word gratis aangebied. Belangstellendes word aangemoedig om vroegtydig hul plek te bespreek om teleurstelling te voorkom.

Huppel Trippel vier 'n Hoogskop Lentedag

Wat begin het met die liedjie "Dis heerlike Lente", is afgesluit met 'n roomys (of twee) en yskoue koeldrank. Tussen-in is daar boontjiesakkies in 'n gat gegooi, sokker gespeel, ge-"hoola hoop" en op genommerde papierborde geloop. Oor twee weke is Riana Stadler ons gas. Sy sal almal inlig oor Alzheimer en Demensie. Jy is welkom as jy wil kom saamluister.



Boontjiesak-gooi kampioen.



Op die foto vl: Pastoor Danie Lodder, Alet en Keith Petzer.

Kransfontein Resiesduif Klub

Op Maandag, 21 September 2026 het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Graaf Reinette gevlieg en die duive is om 07:10 gelos en die wenduif is om 15:40 geklok op Reitz. Die afstand wat die wenduif gevlieg het was 618 kilometers. 8 Lede en 258 duive het deelgeneem.

1. Wolmarans & Swart A
2. Spartan Pigeons 3
3. Spartan Pigeons 3
4. Spartan Pigeons 3
5. Spartan Pigeons 3
6. Wolmarans & Swart B
7. Wolmarans & Swart B
8. Wolmarans & Swart B
9. Spartan Pigeons 3
10. Spartan Pigeons 2



Op die foto van links na regs is Nollie Swart en Fritz Wolmarans van Wolmarans & Swart A met die wenduif nommer 717.

KENNISGEWINGS

KENNISGEWING AAN KREDITEURE

In die Gesamentlike Boedel van Wyle:
JUDITH MARIA JACOBA CILLIERS
Identiteitsnommer: **600405 0051 08 1**
Van: **Presidentstraat 66A, Heilbron, 9650**
Wie oorlede is op: **5 Augustus 2026**
en nagelate eggenoot:
Andries Frederik Willem Cilliers
Identiteitsnommer: **540425 5025 08 1**
Huwelikstatus:
Getroud Binne Gemeenskap van Goedere met mekaar
BOEDELNOMMER: 006283/2026
Alle persone wat vorderinge teen bogemelde boedel het,
word aangesê om bedoelde vorderinge binne 30
(DERTIG) dae vanaf datum van publikasie hiervan by
ondergetekende in te dien.
PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING
ELSSTRAAT 47
POSBUS 58, HEILBRON, 9650
VERW : PPvdM/ne
TEL : 058 852 2041
E-POS : merlaw@phillaw.co.za

KENNISGEWING AAN KREDITEURE

In die Boedel van Wyle:
LESANG MARTHA LETSOKO
Identiteitsnommer: **501123 0512 08 1**
ONGETROUD
Van: **Makhangastraat 1507, Heilbron, 9650**
Wie oorlede is op: **20 Junie 2026**
In lewe 'n pensioenaris
BOEDELNOMMER: 006162/2026
Alle persone wat vorderinge teen bogemelde boedel het,
word aangesê om bedoelde vorderinge binne 30
(DERTIG) dae vanaf datum van publikasie hiervan by
ondergetekende in te dien.
PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING
ELSSTRAAT 47
POSBUS 58, HEILBRON, 9650
Verw : PPvdM/ne
Tel : 058 852 2041
E-Pos : merlaw@phillaw.co.za

Vorm JJJ

VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS
Hiernmee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte T31320/1997** gepasseer deur **ANNA SOPHIA MULLER, IDENTITEITSNOMMER: 370211 0042 007,** Getroud buite gemeenskap van goed, ten gunste van **DIE TRUSTEES VIR DIE TYD EN WIL VAN DIE BLACKHILL TRUST, NR: IT 2029/96,** ten aansien van **GEDEELTE 1 VAN DIE PLAAS BLACKHILL 7, DISTRIK FRANKFORT, PROVINSIE VRYSTAAT** GROOT: 436,0176 (VIER HONDERD SES EN DERTIG KOMMA NUL EEN SEWE SES) HEKTAAR Wat verlore geraak het of vernietig is. Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te **BLOEMFONTEIN** binnetwee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing. Gedateer te **HEILBRON** op hede die 7de dag van September 2026.
AANSOEKER: AMANDA ANNE SCHUTTE
ADRES: 40 KERKSTRAAT, HEILBRON 9650
E-POS ADRES: aktesa@corven.co.za
KONTAKNOMMER: 058 852 2035

2027

Dagboeke nou beskikbaar

Office National

Elisstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

CALENDAR

2027

Heilbron Herald Pricelist
Prices include VAT and a standard design

Heilbron Herald
44 Els street,
Heilbron, 9650
herald@heilbron.co.za
058 852 3033
083 495 5512

A4 Wall Calendar

Full Colour Print on Glass Board, 270x210mm
Punched Hole Top, 12 Month View.

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	R 220	R 200	R 420
50	R 280	R 280	R 560
100	R 360	R 350	R 710
200	R 700	R 620	R 1 320
500	R 1 000	R 980	R 1 980
1000	R 1 800	R 1 720	R 3 520

A3 Wire Wall Calendar

Full Colour Print on Glass Board, Wirebind Top,
Month to View + Front Page, 270x210mm.

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	850	800	R 1 650
50	2500	2500	R 5 000
100	4800	4800	R 9 600
200	7600	7600	R 15 200

A3 Desktop Calendar

Full Colour Print on Bond Paper + Backing Board,
Month to Month View, 270x420mm.

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	530	R 500	R 1 030
50	1590	R 1 590	R 3 180
100	2620	R 2 620	R 5 240
250	5300	R 5 000	R 10 300
500	10000	R 9 800	R 19 800

A3 Desktop Calendar

Constant Colour Background Print on Bond Paper,
Only Black Colour Changes + Backing Board,
Month to view, 430x580mm.

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	7900	R 6 400	R 13 400
100	8290	R 7 000	R 15 290
200	10180	R 9 000	R 19 180
500	14840	R 12 000	R 26 840

Fridge Magnet Calendar

Full Colour Print directly on Fridge Magnet,
12 Month View, 250x210mm.

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	250	100	350
50	880	800	1680
100	1570	2500	3070

A5 Custom Printed Diary

Standard 1/4 Black Inner Pages,
12 Monthly Planners, Year Planner, 1 Week to view
Custom Cover Laminated, Wire Bound

Qty	Deposit	on Delivery	Total
1	R 195	R 0	R 195
4	R 330	R 330	R 660
10	R 750	R 750	R 1 500
20	R 5 500	R 1 230	R 6 730
50	R 3 200	R 2 940	R 6 140

Folded Triangular Desk Calendar

Full Colour Print on Glass Board, 210x270mm
Triangle Desk Calendar, Three Viewing sided

Qty	Deposit	on Delivery	Total
100	R 780	R 750	R 1 530
200	R 1 060	R 1 000	R 2 060
300	R 1 240	R 1 200	R 2 440
400	R 1 480	R 1 400	R 2 880
500	R 1 670	R 1 600	R 3 270
1000	R 3 000	R 2 740	R 5 740

Wire Tent Desk Calendar

Full Colour Print on Glass Board,
Ringbinded, Fold Over Pages, 3 Month View

Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	R 880	R 800	R 1 680
500	R 1 430	R 1 300	R 2 730
200	R 2 520	R 2 400	R 4 920
500	R 4 720	R 4 720	R 9 440

SELF-INKING STAMPS

YOUR TEXT

SELF-INKING DATER STAMPS

Office National

Elisstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

Besoek ons vir al u skryfbehoeftes benodigdhede

Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die **15de Des. 2026** sluit en en DV die **6de Januarie 2027** open.

Die winkel sluit die **18de Des. 2026** en open die **5de Januarie 2027.**

Laaste uitgawe vir 2026 Heilbron Herald
Kersuitgawe - **11 Desember**
en eerste uitgawe 2027
DV **8 Januarie 2027**

Elisstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

Office National

Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.

Elisstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

Office National

WEIDING

WEIDING GESOEK
Weiding vir 70 koeie om te deel.
Kontak 063 817 5773

BESIGHEIDSURE

Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdag: 09:00 -12:00

Elisstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006

POSTNET HEILBRON

Vrystaat Versorging in Aksie

Vir slegs R20, en 'n kans om hierdie heerlike koek te wen, help JY ons om ons dorp se kinders te help met nodige skryfbehoeftes.

Vir slegs R20, en 'n kans om hierdie heerlike koek te wen, help JY ons om ons dorp se kinders te help met nodige skryfbehoeftes.

Agter elke skryfverhoel is daar hande wat gehelp het.

Agter elke gemeenskap wat groei, is daar harte wat omgee.

Agter elke toekomstige van hede, is daar vrywilligers wat kies om betrokke te raak.

Wenkies is by elke versorging beskikbaar by elke skryfverhoel by ons.

Vir meer inligting kontak ons op 058 852 3033 of 083 495 5512.

TRUKKING VND PLAAS op 30 OKTOBER 2026.

TRUKKING VND PLAAS op 30 OKTOBER 2026.

Dankie

27 MAAR 'N VERSOR

SMALLS

Vir enige nuus en advertensies vir die

Heilbron Herald

Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

DIENTSTE

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.

Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAABAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

BIBLIOTEEK OOP

Piercestaat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tyd is as volg:

Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elisstraat 44, Posbus 166, Heilbron

Tel: 058 852 3033/4/5
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

• Abrie Watson abrie@heilbron.co.za

• John Watson john@heilbron.co.za

• Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za

• Kobus kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder)

WhatsApp Nr. 081 889 8192

• Silma marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za

(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)

WhatsApp Nr. 083 495 5512

• Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)

• Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)

• Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)

• Hendie heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)

• Marlene (Proeflees van koerant)

• Cara heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)

• Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)

WhatsApp Nr. 066 056 1601

• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

HERALD Sport

BoereTreat slaan vanjaar 'n nuwe hou

Die koue het vanjaar probeer om die BoereTreat-gangers se pret te steel, maar selfs ysige vingers en 'n bytende wind kon nie die gees van die dag knak nie. Waar BoereTreat in vorige jare 'n groter en meer uitbundige aangeleentheid was, het vanjaar se geleentheid 'n meer persoonlike baadjie aangetrek – met die fokus vierkantig op die borge, lekker gholf en om geld op 'n ander manier tot voordeel van die gemeenskap aan te wend.

Die borge is vanjaar behoorlik bederf, met elkeen wat 'n emmer vol drinkgoed en 'n spesiale bederfpakkie ontvang het. Die dag het egter steeds hoofsaaklik om die gholfbaan gedraai, waar spelers hul staal gewys het en die koue maar moes trotseer. Selfs skoolkinders het die geleentheid gekry om saam te speel, wat die dag 'n lekker mengsel van oud en jonk gegee het.

Een van die meer merkwaardige oomblikke van die dag het onverwags uit 'n sak gekom. 'n Speler wat saam met DeKalb gespeel het, het twee ou Suid-Afrikaanse banknote by hom gehad – 'n R10- en R20-noot wat albei uit 1961 dateer. Wat aanvanklik bloot soos twee interessante stukkies geskiedenis gelyk het, het 'n indrukwekkende prys opgelewer toe die note vir R15 000 opgeveil is.

BoereTreat se gemeenskapsfokus het vanjaar ook 'n nuwe vorm aangeneem met die bekendstelling van 'n tasprojek. Mense kon 'n tas koop wat later aan 'n minderbevoorregte kind geskenk sal word. Die projek het behoorlik byval gevind, met R17 400 wat uiteindelik ingesamel is – genoeg om ongeveer 50 tassies aan te koop. Só kry die geld wat met die geleentheid ingesamel word, 'n baie konkrete bestemming en kan dit direk 'n kind se skooljaar 'n bietjie makliker maak.

Die besluit om vanjaar se geleentheid kleiner en meer intiem te hou, was volgens die organiseerders doelbewus. Hulle wou ondersoek instel na hoe uitgewes anders bestuur kan word, sodat meer van die beskikbare geld uiteindelik 'n verskil kan maak.

Een voorbeeld hiervan is die geld wat in vorige jare aan die huur van mobiele toilette bestee is. Vanjaar is daar eerder besluit om dié geld te gebruik om die gholfklub se bestaande badkamers op te gradeer. Die verbetering beteken nie net 'n besparing op vanjaar se uitgewes nie, maar skep ook 'n blywende bate wat tydens toekomstige funksies by die klub gebruik kan word.

Vanjaar se formaat is daarom as 'n soort toetslopie beskou – 'n kans om te kyk of dié BoereTreat met minder onnodige uitgewes steeds dieselfde lekker gees kan behou, terwyl daar terselfdertyd meer direk aan die gemeenskap teruggegee word.

Op die gholfbaan was die kompetisie egter steeds ernstig genoeg. Gert Schoeman en Danie van Vuuren het die eerste plek ingepalm, met Dirk en Frik Strydom in die tweede plek. Pieter van Staden en sy spanmaat het derde geëindig, gevolg deur Wessel Hatting Jnr en sy spanmaat in die vierde plek. Die jonger spelers het ook hul merk

gemaak. Yonuscha Prinsloo was die dogterswenner van Hoërskool Heilbron se span, terwyl Rudi Jonker as die Laerskool-seunswenner aangewys is. Rudy Swanepoel het die Hoërskool-afdeling gewen en is boonop as die beste speler van die dag aangewys.

Ná 'n dag op die koue gholfbaan was dit tyd om die baadjies uit te trek en die voete aan die beweeg te kry. Die aand is die borge met musiek vermaak en kon daar behoorlik gedans en gekuier word.

Hoewel BoereTreat vanjaar 'n bietjie anders gelyk het, het die dag gewys dat 'n kleiner en meer persoonlike geleentheid steeds groot pret kan bring – en dalk selfs groter waarde kan skep. Van 'n gholfdag in die koue en banknote uit 1961 tot genoeg geld vir ongeveer 50 tassies vir kinders wat dit nodig het, was dit vanjaar beslis meer as net 'n lekker dag op die baan.



Op die foto vl: Yonuscha Prinsloo, Rudi Jonker en Rudy Swanepoel.



VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:

HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515

SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING



BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 28 SEPTEMBER 2026

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSdag - 29 SEPTEMBER 2026

DUNDEE Vetvee veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

WOENSDAG - 30 SEPTEMBER 2026

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

JOZINI Maandelikse veiling
Kontak Sibusiso Gumede 082 070 0134

VENTERSBURG Maandelikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

DONDERDAG - 1 OKTOBER 2026

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

DUNDEE Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

VRYDAG - 2 OKTOBER 2026

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

BLOEDRIVER/NQUTU Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 372 9454

SATERDAG - 3 OKTOBER 2026

BLOEMFONTEIN: NASIONALE SUFFOLK VEILING

11:00, Geelklip, Middelwater
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

POTCHEFSTROOM: RUSWATER DORMERSTOET

8se Produksieveiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036

BKB LIMITED
61 GRAHAMSTOWN RD, NORTHEND,
PORT ELIZABETH, 6001
BTW NR.: 4100101336 REG NR.: 1998/012435/06
FRANKFORT: 058 813 1071